

26 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 11:25; 16:20-24**

**Fokusgedeelte: Spreuke 11:25**

### **Juis tot voordeel ... dit is voorspoed**

Voorspoed. Om met spoed vorentoe te kan gaan en daar min – of verkieslik niks – is wat jou spoed kan breek nie. Voorpoed in jou skoolloopbaan, in jou werk, in jou huwelik, in jou gesin, in jou finansies. Maar het u al agtergekom dat alles wat ons in die kategorie van voorspoed plaas, mooi en aanvaarbare vorms van selfsug is?

Die Here gee in sy wysheid 'n ander weergawe van wat voorspoed is. Sien, die Woord staan gewoonlik haaks op die werklikheid van elke dag. As die Woord maar net met elke dag saamgespeel het, was dit woord, soos enige storieboek (feitelik of fiksie). Die Woord vorm ons vir vandag na die toekoms.

Gee ag op die Woord van die Here (Spr. 16:20). Met voorspoed in gedagte, vergelyk ons onself met vriende, kollegas of familie. Voorspoed wil ons dan sien in ons besittings, gesondheid, sukses, doelwitte wat ons bereik het. Net soos of beter as my buurman, of kollega, of ander in my familie of vriende. Uiteindelik volg ons maar 'n storieboeklyn. Voorspoed is wanneer alles vir my reg uitgewerk het.

Die Woord praat egter anders. Die Woord verskuif die fokus weg van my af. Na die "ander". Wanneer jy vir ander tot seën kan wees, vir ander verrykend in hulle lewens kan inwerk. Wanneer jy 'n ander se lewe sinvol kan maak. Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en om sy lewe te gee (Mark. 10:45). Sy lewe prysgegee, sodat ons die lewe kan hê en dit in oorvloed.

Gee ag op die Woord wat mens geword het. Deur Hom fokus ons, vrygemaak van ons selfsug, op ander. Om vir my man, my vrou, my kind/ers, kollega, vriend, familie tot seën te wees. Daarin beleef ons oorvloed – 'n oorvloed van lewe. In die dorstige tye is daar ook vir jou uitkoms.

Sing: Skrifberyming 1-4:1-4

Ds. CA Jansen (Secunda)